


'n Rekenaar wat deur 'n paar mense op 'n slag gebruik kan word, is aan die gemeenskap van Alrapark in Nigel geskenk. Hulle noem dit 'n digitale ingang ("digital doorway") en soortgelyke rekenaars gaan aan ander gemeenskappe geskenk word. Dit is om mense wat nie toegang tot rekenaars het nie, die geleentheid te bied om daarop te werk en inligting op die internet te soek. Die vennote in die projek is die landboumaatskappy Syngenta Suid-Afrika, die Departement van Wetenskap en Tegnologie, die Meraka-instituut van die WNNR en Manjoh Ranch, 'n boerdery van die Da Costa-familie van Gauteng. Voor, van links, is Ayanda Olifant en Jessica Joko, twee leerders van die Hoërskool Alrapark. By die rekenaar is, van links, me. Kate Tucker van Syngenta, me. Kagiso Chikane van Meraka, mnr. Manuel da Costa van die Manjoh Ranch, me. Clarissa Clements van die Almac-gemeenskapsentrum en dr. Siphiwe Mini van die Departement van Wetenskap en Tegnologie.